



WOORDFEES

4 – 13 MAART 2011
Universiteit Stellenbosch
Departement Joernalistiek

Digters bekoor met tydlose pennevrugte

AJ OPPERMAN

Sedert hoëskool het ek dikwels die verse van swaargewig Afrikaanse digters opgesoek en later herbersoek.

Dit was dus 'n voorreg om vier van dié groot geeste in die Sasol Kunsmuseum in lewende lywe te ontmoet.

Danie Marais, Lina Spies, Petra Müller en T.T. Cloete was die vier Afrikaanse digters wat teenwoordig was en die Vlaamse digter Joke van Leeuwen het die vyf-tal voltooi.

Deur die loop van die aand neem die digters die gehoor op 'n reis van woorde wat enig in hul soort is.

Die digters het heelwat oor die psige van die woordkunstenaars verklap.

Dit was 'n verrykende ervaring om die geskrewe woorde so te sien lewe kry want die stemtoon, infleksie en gesigsuitdrukking van die digter verdiep 'n mens se begrip van hul poësie.

Eerste aan die woorde was Marais, 'n relatief jong digtersstem.

Hy het aanvanklik oor die mense in sy lewe geskryf en het sy voordrag afgesluit met 'n vers oor Stellenbosch wat hy geskryf het nadat hy uit Duitsland teruggekeer het.



Die digter Lina Spies in aksie.

FOTO: Stephanie Pekeur

Marais het sy fyn waarnehmingsvermoë geïllustreer deur sy eertydse tuisdorp treffend en liries te beskryf: "O, Stellenbosch, dis twintig subversieve

jare later en ek is besig om weer 'n swak te ontwikkel vir jou Bleddie *beautiful Bolandse lentes* jou teatrale sonsondergange, jou selfingenome berge," het Marais

emosievol voorgedra.

In Spies se voorlesing bewys sy hoe aanpasbaar 'n digter moet kan wees.

"Ek het nie beplan om hierdie gedig te lees nie, maar siende dat my geliefde dorp (Stellenbosch) geïroniseer word, moet ek dit lees," het sy gespot.

Müller het haar plek agter die kateder ingeneem, die mikrofoon reggeskuif en die gehoor behoorlik met haar woorde meegevoer.

Haar voordrag was besonder knap en het hoofsaaklik oor die liefde gehandel en gewentel oor die tema van die kleur geel.

Van Leeuwen se treffende kwinksdae het byval by die gehoor gevind.

Net so vind haar woorde, wat hoofsaaklik op kinders gemik is, ook aanklank by volwassenes.


"Ek dink ek sal begin met die treurige en eindig met die ligvoetige," het sy die gehoor vooraf gewaarsku.

Ten aanskoue van 'n brose Cloete, wat vanjaar 87 word, val dit op dat die digkuns hom nie aan ouderdom koppel nie.

En siekte kan dit ook nie in die kiem smoer nie.

Inteendeel, die krag van die woorde kan as wonderlike teenvoeter vir verganklikheid dien.

Hierdie vyf digters bewys dit alte goed.



Wenners van fees se trofees

Hoogste toekenning:
Profiele (ontvang
WOORDtroFEE-medalje)

T.T. Cloete
Margaret Bakkes
Pieter W. Grobbelaar

Beste Dramaproduksie
Oom Anton by die See

Beste Kontemporêre Musiekproduksie
Karen Zoid met Nick Turner
en Zinkplaat

Beste Kontemporêre Musiekproduksie (Spesiale vermelding)
Boegoe van die Liefde

Beste Klassieke Musiekproduksie
Witlig

Hoogstaande Visuele Kunstenaar
Kyk Hoe Lyk Ons Nou!

Woordkunstenaar 2010
Elsa Joubert – *Reisiger*

Naaswenner 2010
Joan Hambidge – 'n *Reisiger na Elders*

WOW-skool: uitsonderlike bydrae tot die bevordering van Afrikaans
Schoonspruit Senior Sekondêr

WOW individuele prys: die bevordering van Afrikaans in die gemeenskap
Ruth Morgan, onderwyser van Groendal Sekondêr in Franschhoek

Zappa Straatfees a raging success

CHRISTIAAN VAN DER MERWE

THE Zappa Straatfees is a somewhat awkward event. Victoria Street gets closed off and a stage is erected in front of Die Mystic Boer and Bohemia, and nobody really knows what to expect.

The line-up sported an eclectic array of South African talent and was run under the supervision of De Plate Kompanje (DPK) for the first time. Gone was the anarchy of previous years, replaced by a controlled and ordered party atmosphere.

The show served as a launching pad for many smaller local bands. Most impressive was Loveglove Pyrotechnics who invigorated the crowd with an energetic set in the afternoon slot.

The band which most personified audience satisfaction was Die Tuindwergies fronted by the diminutive, bare-chested Pieter de Jager. The song "Kop-skudkinders" resonated with the crowd, capturing the mindsets of the youngsters.

Local heroes, New Holland and Foto na Dans were the standout

performers of the evening. The raw energy of the latter and the upbeat indie-rock of New Holland complemented each other with back to back performances.

The Straatligkinders from Potchefstroom was last to play. Fitting, as this was their last show in Stellenbosch and the second last before the band goes on an extended break. Relentless touring of the past five years have left the band in need of a break and exhausted. Roaring renditions of "Kaptein" and "Die Beskermer" made sure the crowd could bid

a proper farewell to a band they have come to love.

The band reciprocated this affection by giving a performance that matched the occasion, Bouwer Bosch himself delivering vocals way beyond his usual live skills.

Possibly the best indication of the quality of the show and the organisation by DPK was the fact that the area was empty within an hour after the show, leaving well-satisfied music lovers to continue their parties elsewhere in town.

Editor
Robert Kaden
Assistant editor
Chrizane van Zyl

Production editor

Samina Anwary

Photo editor

Nielen Bottomley

Copy editors

Sarah Koopman
Joshua Carstens

Layout artists
Estée de Villiers
Nico Gous
Charlea Sieberhagen

Photographers

Lourensa Eckard
Stephanie Pekeur
Tom Raath
Gerrit Schaafsma
Siyavuya Madikane

Supervisors

Hannelie Booyens
Jacqueline Kloppers

Writers
Jana Joubert
Evans Manyonga
Haji Mohamed Dawjee
Nomawazi Nkosi

AJ Opperman
Mia Spies
Christiaan van der Merwe
Michelle van der Spuy
Natasha van Wyk
Raymond Willemse

Universiteit Stellenbosch
Departement Joernalistiek

Crozierstraat 26

Stellenbosch

7600

021 808 3488

021 808 4965

www.sun.ac.za/journalism

inewman@sun.ac.za

LIP

Editorial 2011

highlights

Twee dogters, 'n ma – en 'n kankerbed

DRAMA

MET SANDRA PRINSLOO, MILAN MURRAY EN ALEXA STRACHAN.

JANA JOUBERT

"WAT gaan van my woorde word?" Dit is maar net een van die vroeë waarmee Adèle Bothma op haar sterfbed worstel.

Vergenoeg is die storie van Adèle, 'n ma wat besig is om haarstryd teen kanker te verloor, en haar dogters se laaste pogings om hulself aan haar te bewys.

Die rol van Adèle word deur die verhooglegende Sandra Prinsloo vertolk. Prinsloo slaag met puik toneelspel en goeie tydsberekening in haar rol. Haar transformasie tot 'n kankerpasiënt is uitsonderlik en 'n mens moet twee keer kyk om seker te maak dit is wel Prinsloo met die yl hare en plooie.

Die susters se benadering tot hul ma se siekte verskil drasties. San (gespeel deur Milan Murray) is die verantwoordelik-

like versorger met 'n donker geheim, terwyl Bella (Alexa Strachan) die swartskaap van die familie is.

Uiteindelik blyk dit die twee uiteenlopende susters het iets groot in gemeen: 'n diep liefde en respek vir hul ma. Hul soek na aanvaarding bring hulle nader aan hul ma en aan mekaar. Die drie vroue se eksistensiële krisisse lei daartoe dat die gehoor ook kwelvrae oor die lewe en dood vra.

Strachan het Marita van der Vyver se roman *Vergenoeg* vir die verhoog verwerk en sy is ook vir die skryf van die stuk se liedjies verantwoordelik.

Die sang is aanvanklik onverwags, maar dis tog funksioneel omdat dit die karakterisering goed komplementeer.

Die fyn balans wat tussen humor en melancholie gehandhaaf word, veroorsaak dat die gehoor 'n soort katarsis ondergaan.

En dit is vergenoeg.
– 7 Maart, 20:15

Das ist wunderbar

CABARET

WITH CHRIS VAN NIEKERK, ELIZABETH FRANDSEN AND RIIKA VERMEULEN.

DIRECTOR: NIËL RADEMAN.

NATASHA VAN WYK

IF you love European cabaret, Niël Rademan's *Das ist Berlin / Dit is Berlyn* is a must-see. The show aims to animate the work of Brecht, Blumer, Hollaender, and Weill as well as our own Hennie Aucamp against the backdrop of Nazi Germany – an era of fear, loathing and desperate survival but not lacking in passions of a more romantic nature.

The empty stage of the Sanlam NagKAT was lit in a deep rouge hue and a café table covered with a red cloth set the 1930's café scene.

Worthy performances were delivered by Elizabeth Frand-

sen as the sultry woman of the night and Chris van Niekerk as the German soldier who falls for her. It is a pity there was not more chemistry between them.

Frandsen owned the stage in her voluptuous black ensemble holding the audience mesmerised from her opening song through old favourites such as "Mack the Knife" and "The Boys in the Backroom".

Besides the use of modern branded lighters to light the candles during "Falling in Love Again", which distracted from the excellent period stage décor, Rademan has produced a sophisticated crowd-pleaser.

Even with occasional poor sound *Das ist Berlin* succeeded in being big, bold and brave cabaret – a daring showcase of large talent played out in a modest setting.

– 9 March, 21:00



Sibongile Makgathe of the Soweto Gospel Choir enchants the crowd.

PHOTO: Nielsen Bottomley

Collaboration of musical monarchs

NOMASWAZI NKOSI

The talent on stage at the Spier Amphitheatre was enough to inspire goosebumps as the internationally renowned and Grammy Award-winning Soweto Gospel Choir took to the stage with the unbelievably talented singer Nianell.

The amphitheatre was filled to near capacity with an audience ready to take in these incredible performances.

The choir began with an energetic rendition of an age-old gospel track, "Hlonolofatse", which saw the choir dancing and inspiring participation from the audience.

Donned in colourful traditional attire, 26 of the 52 member choir serenaded the audience with their powerful vocals and passionate performances which included covers of classics such as "Many Rivers to Cross" and "Swing Low, Sweet Chariot" in between their original works.

The choir then made way for Nianell, singer of "Who Painted The Moon". Dressed in a royal blue ballgown, Nianell stunned the audience with her vocal ability and left them in awe of her incredible voice. Her first performances were hauntingly true to the Nianell-style that audiences have come to love.

The second half of her performance had a blues feel and while Nianell is usually in complete control of her voice, parts of her blues performance sounded forced. It is a departure from her usual singing style, but hearing her perform live remains an awe-inspiring experience.

The Soweto Gospel Choir returned to the stage to perform what can only be described as any music lover's dream. Nianell and Bongani, one of the choir members, delivered a breathtaking rendition of "Barcelona", a song made famous by Queen vocalist Freddie Mercury and the soprano Montserrat Caballé. This was de-

initely the crowd favourite and they received a well-deserved standing ovation.

The last half of the high-energy show included South African classics which the audience recognised.

Songs such as "Phatha Phatha" by the late Miriam Makeba and a surprise performance of Kurt Darren's "Loslappie" got the crowd to their feet, clapping and singing along.

Nianell joined the choir on stage for an impromptu and seemingly unrehearsed collaboration of the hit song.

A future collaboration between these musical powerhouses is on the cards, Nianell admitted backstage. Fans, however, will have to be patient as the artists say they are all "very busy" at present. Nianell said she loved the Soweto Gospel Choir's passion for music.

If an album with this show's magical music were ever to see the light of day, it is bound to be a hit.

Koos en De Priester snaar saam

MIA SPIES

DIE oomblik toe Jak de Priester en Koos Kombuis hul musiekvertoning met "Bicycle sonder 'n slot" begin, was dit duidelik dié twee uiteenlopende sangers vul mekaar goed aan.

Hulle het met hul *Brooklyn Babelaas*-vertoning op die Bilton-wynplaas buite Stellenbosch vir die eerste keer saam opgetree.

"As dit van my af gehang het, sou die show se naam *K*k en Hare* gewees het," het Kombuis spottend gesê.

Hoewel Kombuis met sommige van De Priester se lirieke (veral "Groen Mamba") gesukkel het, het dit tot die humor bygedra.

De Priester se bewondering vir Kombuis is egter opvallend. Hy het 'n gedig uit Kombuis se digbundel *Die Geel Kafee* voorgelees en het Kombuis se liedjies met oorgawe en emosie gesing. "Ek was nog altyd 'n groot bewonderaar," het De Priester gebieg.

Volgens Kombuis was dit sy vrou en bestuurder, Kannetjie, se idee dat hy en De Priester 'n

verhoog deel. "Toe ons begin repeeteer het, het ek dieselfde vibe as met Johannes Kerkorrel gekry. Dit voel soos *memory lane*," het Kombuis gesê.

Die opvoering het 'n ernstiger luim aangeneem toe De Priester van die legendariese Voëlvrytoer begin praat het.

"As dit die jeug inspireer is dit goed," het Kombuis gesê. Vir 'n tweede Voëlvrytoer sien hy egter nie kans nie.


Toé die vertoning meeslewend met Kombuis se "Lisa se klavier" afgesluit is, het die gehoor luidkeels saamgesing.



Jak de Priester en Koos Kombuis in *Brooklyn Babelaas*.

FOTO: Gerrit Schaafsma

hoogtepunte



Bobby van Jaarsveld het sy bewonderaars se knieë lamgemaak.

FOTO: Tom Raath

'Jy moet losruk!' Robbie en Bobby het gehoor gaande

MICHELLE VAN DER SPUY

Die onwaarskynlike tweemanskap van Robbie Wessels en Bobby van Jaarsveld het die Spier Amfiteater op 11 Maart op horings geneem.

Dié twee ramkatte het vir lekker lag, lekker vermaak en sommer ook heelwat vir die oog en hart gesorg. En die lekkerste Afrikaanse musiek wat ek in 'n lang tyd gehoor het.

Robbie en sy orkes, die Bronkhorstspruit-bende, het die gehoor op 'n denkbiedige reis deur Suid-Afrika en Europa geneem.

Anders as soveel ander kunstenaars sal jy Robbie nooit hoor kla nie. Sy musiek weerspieël die

lighartigheid waarmee hy die lewe aanpak. Sy liedjies handel oor dinge waarmee 'n mens elke dag te doen kry.

Robbie se lirieke kielie nie net jou lagspiere nie, hy kan ook jou hartsnare baie bedrewe tokkel. "Halley se komeet", 'n liedjie wat oor die verlies van onskuld handel, is 'n voorbeeld hiervan.

Jy kry onwillekeurig tranen in jou oë, maar voor jy té treurig raak, sluit Robbie sy vertoning met 'n paar "rowwe" nommers soos "Skinnie dip saam met my", "Hou vas jou matras" en ja, ook "Leeuloop" af.

In plaas van op die verhoog maak Bobby sy verskyning in die middel van die amfiteater tussen

die gehoorlede. Dit is genoeg om 'n hele paar tienermeisies byna 'n hartaanval te gee.

Sy eerste liedjie was "My lewe draai om jou" en daar is min vroue in die gehoor wat nie wens hy sing dit net vir haar nie. Hy het al die eienskappe van 'n regte hartebreker: blonde hare, 'n stoute vonkel in sy oog en 'n skitterwit glimlag.

'n Middeljarige vrou in die gehoor kan later haarsel nie meer beteuel nie. Al dansend gil sy: "Jy moet losruk, Bobby!"

Dan volg 'n paar jazz-treffers soos "Moondance" en "Sway" en met "Spieëltjie" maak Bobby baie seker 'n onvergetelike aand eindig op 'n hoogtepunt.

Klassieke heldin se smart ontroer

DRAMA

MET COBA-MARYN WILSENACH.
REGIE: MARTHINUS BASSON.

MIA SPIES

DIE gebroke vrou staan alleen in 'n swart rok en hofskoene in die middel van die leë verhoog. Sy staan en staar. Sy is tjoepstil.

En dan begin sy praat.

Medea is 'n intense en emotionele eenvrouvertelling. Dié weergawe van die Griekse mitologiese verhaal is tydens die US Woordfees onder die bekware regisseurshand van Marthinus Basson opgevoer.

Coba-Maryn Wilsenach lewer 'n kragtoer as Medea, 'n vrou wie se lewe deur liefde en wraak verwoes is. "Ek het my kinders doodgemaak, my eie saad vergrijs. My hele huis het ek vernietig, ek kon nie so gelukkig wees soos ek wou wees nie," sê sy.

Verskillende aspekte van die opvoering gryp die gehoor aan, soos die ingewikkeld karakter laag-vir-laag gestroop word.

Gesigmaskers is gebruik om twee ander karakters – die koning Kreon en Medea se man Jason – voor te stel.

Wilsenach se metamorfose na dié figure is briljant. Haar spel is so oortuigend dat die intensiteit van die emosie jou soms ongemaklik laat rondskuil. Dis die manier hoe sy die rou emosies uitbeeld van 'n verwonde vrou wat haar tot moord gewend het wat jou vasgenael hou.

Medea trek haar swart rok en skoene uit. Gestroop van enige pretensie staan sy op die verhoog in haar onderrok, kaalvoet. Dan stap sy in die gehoor in en sleep twee groot tasse op die verhoog.

Sy krul haarsel op een van die leeroffers op en hou haar bene teen haar lyf vas: "Elkeen het homself meer lief as sy naaste. Dis net die wet wat weerhou dat die meeste mense die ergste doen," verklaar sy.

'n Mens sou dink dit kan nogal intimiderend wees as gesoute akteurs soos Anna-Mart van der Merwe en Elsabé Daneel in die



TRAGIESE FIGUUR: Coba-Maryn Wilsenach as 'n wroegende Medea.

FOTO: Gerrit Schaafsma

gehoor is, maar Wilsenach hoof vir niemand terug te staan nie.

"Dit was ongelooflik. Ek is steeds by die plek waarheen sy my gevat het," het Van der Merwe ná die vertoning gesê.

Steeds meegeesleur deur emosie was die gehoor teen die einde aanvanklik doodstil voordat die toejuicing dawerend losgebars het.

– 10 March, 20:30

The brilliance of Bach by Martens

CLASSICAL MUSIC
WITH PETER MARTENS.

HAJI MOHAMED DAWJEE

ON THE back of the wall of the stage a profound quote by Laurence Lesser is projected: "We find a world of emotion and ideas created with only the simplest of materials."

In the Fismer Hall, one of the more intimate venues that form part of Stellenbosch University's Conservatorium, there was a gradual but hastened decrescendo. Almost every seat was occupied and a sense of anticipation filled the silence.

The beauty of Bach's suites for solo cello is that the interpretation of each suite lies solely with the cellist who plays them. Peter Martens captivated as he coloured the canvas of sound with his own interpretation.

Martens' programme consisted of the first three of the six suites. The audience was guided through the hour-long perfor-

mance by a slide show with a single slide accompanying each dance movement in the suite.

Even the most novice listener could appreciate the meaning of the music and what Martens portrayed through the bowing of each note. The downside of the slide show was that the performance took place in very low lighting. The joy of a live performance is to see the musician perform and it is a bit problematic if he is obscured from view.

At the close of the final suite the demure cellist was still transfixed by the music as he acknowledged the standing ovation he received from the appreciative audience.

He returned to the stage with his 250 year-old instrument to further enchant his captive audience with "Song of the birds", a traditional Catalan carol. "I don't usually play encores after Bach", he said seemingly out of breath. "He makes me so tired."

– 10 March, 20:30

Leon Wessels: 'Ek is 'n trotse Afrikaner'

RAYMOND WILLEMS

"JY KAN maar saam met Bok van Blerk 'De la Rey' sing, of jy kan saam met Jacob Zuma 'Umshini wami' sing, maar jy moet weet die pad van Suid-Afrika loop twee maal deur Vereeniging," sê Leon Wessels.

Met dié gedagte het Wessels die gehoor geprikkel toe hy oor sy ou-

tobiografie Vereeniging: Die ontvoltooide vrede gesels het as deel van 'n Woord-ure bespreking in die Boektent. Frederik de Jager van Umuzi-uitgewers het Wessels oor sy boek uitgevra.

Wessels het 'n pleidooi vir 'n historiese perspektief gelewer en gevra daar moet verbande na gebeurtenisse in die geskiedenis getrek word om die probleme van

vandag te verstaan.

"Daar is sekere sake waarmee ons vandag steeds worstel, soos versoening, rassisme en armoede," het Wessels gesê. Dit is waarom die vrede van Vereeniging van meer as 'n eeu gelede steeds 'n "ontvoltooide vrede" is.

Wessels is 'n voormalige politikus en uitgetreden lid van die Menseregtekommisie. As min-

ister in die kabinet van die Nasionale Party (NP) het hy 'n belangrike rol in die opstel van Suid-Afrika se nuwe Grondwet gespeel.

Oor sy politieke verlede was Wessels baie openhartig en hy het gesê hy is nie skaam dat hy deel van die NP was nie. "Ek beskryf myself as 'n Afrikaner met 'n NP-geskiedenis. Ek kan

dit nie ontsnap nie en ek sê met trots wie ek is," sê Wessels. "Ek is vatbaar vir rassisme en ek is nie skaam daaroor nie, want dit is die konteks waaruit ek gekom het."

Volgens Wessels lê die oplossing van rasste-vraagstukke daar in om allereers introspeksie te doen. "Hou op om te praat van 'hulle' of 'julle'. Begin luister na mekaar," is sy raad.

highlights



BEAUTIFUL NOSTALGIA: David Kramer, guitar in hand, takes his audience on a melancholy journey.

PHOTO: Nielen Bottomley

Musical musings on times gone by

CHRISTIAAN VAN DER MERWE

The man from Worcester with the red velskoene has become a South African institution, but unlike other local institutions he is still going strong.

As David Kramer took to the stage of Fismer Hall of the Conservatorium on the Stellenbosch campus to perform his solo show *Stoksielalleen* with just his guitar and harmonica, he was clearly in an introspective mood.

The soft pink lighting with a distinct shadow looming as a halo behind him gave Kramer the look of a road-wearied troubadour travelling the dusty roads of the Karoo.

His set included several well-known classics, but hearing them

played in this manner made them fresh and invigorating.


Music that is deeply embedded in many a memory was liberated from the crippling concertina which dominated his early recordings.

Nostalgia is a currency Kramer knows well and stories from his childhood and early music career were perfectly illustrated by two contrasting performances of songs from his very first album, *Bakgat*. The rendition of "Krisjan Swart" was as playful and humorous as "Botteltjie Blou" was heart-wrenching. The juxtaposition went further when he performed "Verlosser" from his latest album in which he assumes the role of an apocalyptic narrator of doom in the vein of a Johnny Cash or Bob Dylan.

Returning to his classics, Kramer did not disappoint. The versions of "Die hande van my" and "Montague" exemplified the solo acoustic persona which Kramer adopted during this show. The latter displaying his often under-appreciated vocal range and guitar playing.

Audience members clamoured from early on for "Skipskop" and Kramer obliged for the last song in an elaborate crescendo. A rapid encore of "Royal Hotel" ended the show, an apt choice because this version showed the biggest departure from the well-known version.

Kramer remarked earlier it had been a long time since he last performed alone with his guitar. I would argue that he should play *stoksielalleen* more often.



TOUCHING ART: Featured SU Woordfees visual artist Walter Meyer's painting "Bellevue" (left) is an atmospheric canvas that evokes contemplative emotions from a collective history. A viewer (right) appreciates the street scene captured in Meyers' painting "American Swiss" whilst the artist's "Self Portrait" can be seen in the back. See the full story on page 16.

PHOTOS: Lourensa Eckard

A crazy dissection of the inner psyche

DRAMA

WITH STIAN BAM, WALDEMAR SCHULTZ AND NICOLE HOLM. DIRECTOR: BRINK SCHOLTZ.

NATASHA VAN WYK

INGRID Winterbach's drama *Spyt* which was performed at the Oude Libertas Amphitheatre was at once eccentric, esoteric, artistic, profound and darkly bizarre.

Winterbach's daughter and director of *Spyt*, Brink Scholtz, incorporated the theme of the body as in Rembrandt van Rijn's classical painting "The Anatomy Lesson of Dr. Nicolaes Tulp". *Spyt's* anatomy lesson and dissection of the character Braam (Stian Bam) exposes a universal rawness and fragility.

The story follows the business-

man Braam on his last day alive as he sexes his way through mistresses. Something sinister looms as a strange caller contacts him to warn him his time is almost up.

Not heeding the warning he continues, yet it becomes clear he is in turmoil. Bam portrays this character with an intense detachment, making him simultaneously likeable and detestable. Brilliant acting by the entire cast was one of highlights, with the most moving performance by Sjaka Septembir as the paranoid Micky.

Explicit sex scenes did not seem to bother the audience too much, with only two walk-outs before the end; showing the entertainment value of the play, even if "deeper meaning" was not clear.

– 10 March, 20:15



SURREAL: A scene from Ingrid Winterbach's *Spyt*.

PHOTO: Lourensa Eckard

Kleurvolle Andra en Blohm rock saam

CHRIZANE VAN ZYL

DIE duo Jan Blohm en Andra het al voorheen saam opgetree en dit sê baie van hul gewildheid dat daar nie plek vir nog 'n tafel in die Dorpstraat-teater was nie.

Die jong vrou met die skaam glimlag en sprankelende oë begin haar vertoning met vreemde asemgeluide wat deur alternatiewe klanke op die kitaar begelei word.

Andra het iets besonders beet. Sy kry dit reg om liedjies vanuit verskillende genres op 'n sielvolle, intieme wyse te vertolk. Met "Broken Spanish" het sy die hele gehoor begeester.

Haar voorkoms is bedeeds

en gestroop van pretensie.

Haar stem het egter baie meer skakerings en sy huiver nie om daarmee te eksperimenteer nie. Sy het ook dieselfde hees klank as wat 'n mens by Blohm hoor.

Met die aanvang van Blohm se vertoning sê hy dat hy nooit sy optredes beplan nie. "Dis soos om te beplan om te vry."

Sy vertolking van "Harlekyn en Treine" bewys opnuut dat Blohm maar lirike mág skryf. "Breyten se Brief" bly 'n gunsteling en die gehoor het spontaan saamgesing.

Buite sy uitmuntende lirike is Blohm 'n baie bedreve rock-instrumentalis. Hy slaan 'n kitaar aan die brand.

Die gehoor sit verbasd stil en hy grap: "As jy wil dans en jy kan nie, vat maar aanmekaar."

Skrywers lees voor uit werk Groot 5 trek saam om woorde



DIE GROOT VYF SKRYWERS VAN LINKS: Etienne van Heerden, Elsa Joubert, Arnon Grunberg, Ingrid Winterbach en André P. Brink.

AJ OPPERMAN

Dromers en denkers van die woordkuns is saamgesnoei om mekaar se pennevrug aan te hoor.

Die Groot Vyf-bespreking in die Boektent op die voorlaaste dag van die Woordfees het baie stof tot nadenke gebied.

Saam met Joubert het André P. Brink, Ingrid Winterbach, Etienne van Heerden en Arnon Grunberg geleenthed gekry om betekenisvolle stukke uit hul werk voor te lees.

Met talle letterkundige prysse agter al vyf se name is Die Groot Vyf die raakste beskrywing.

Die gespreksleier, prof. Dorothea van Zyl, het hulle "deurligte skrywers" genoem.

Sy het tong in die kies aan die gehoor opdrag gegee om vas te stel watter skrywer watter dier van die groot vyf verteenwoordig.

Winterbach het uit haar jongste roman *Die Benederyk* voorgelees. Dit is die verhaal van twee broers, 'n kunstenaar en 'n gerehabiliteerde verslaafde.

Die gedeelte wat sy gelees het,

speel af tydens 'n lykswaak in 'n kroeg. Ongewoon, maar Winterbach se werk is selde voorspelbaar en met dié voorlesing het sy die gehoor betower en geboei.

Subtiele handbewegings – selfs toe sy haar wysvinger lig om 'n woord te beklemtoon – verdiep 'n mens se waardering van haar woordkuns.

Om uit *30 Nagte in Amsterdam* voor te lees, het Van Heerden van bril verwissel sodat hy onder die "domineesliggie" sy woorde kon uitmaak.

Sy uittreksel het gegaan oor 'n karakter wat nie die "voordeel

van 'n gesofistikeerde universiteitsopleiding het nie".

Die karakter gebruik haar liggaam as kommoditeit teen die aanslae van die lewe.

Joubert het gekies om 'n beskrywing van 'n besoek aan die Soedan voor te dra.

Die uittreksel verskyn in die tweede deel van haar outobiografie *Reisiger – die Limietberge oor* en sy het geskerts: "Dit klink soos voor die tyd van Moses!"

Laastens was dit Brink se beurt en hy het die gehoor verras met sy keuse.

Hy het gelees uit 'n "boek wat

nog nie is nie", *Falida* (die naam van 'n slavin). Brink sê die boek sal moontlik volgende jaar verskyn.

Die Groot Vyf was dalk nie een van die opwindendste of mees omstredre praatjies op die US Woordfees nie, maar dit was 'n belewenis om te hoor en aanskou hoe die skrywers hul werk aan 'n gehoor voordra.

En vir baie boekwurms is die kans om veteran-woordkunstenaars te ontmoet die héél beste deel van die Woordfees.

Stuk bevry mens se psige

TEATER

MET RUDI MALCOLM,
EPHRAIM GORDON EN DANN-JAQUES MOUTON.
REGIE: MARK FLEISHMAN.

ESTÉE DE VILLIERS

OP 'n klein dorpie wat min reën sien, het die mense hulself met 'n heining toegebou. Net soos hul huise, is hul harte ook agter hekke toegesluit.

Dié beeld is dalk net so 'n cliché soos die beskrywing "bittersoet-komedie", maar *Die Vreemdeling* se storie is alles behalwe geyk.

Drie karakters, Lippe (Ephraim Gordon), Oom Johannes (Rudi Malcolm) en Spider (Dann-Jaques Mouton), vertel die storie van hul dorp wat ná jare se droogte in 'n spookdorp verander het.

Hulle fokus op die dorpslaaste hubare jong vrou, Ella (Gordon) wat 'n weerlose vreemdeling (Malcolm) vind en die dorpshekkie vir hom oopmaak. Met sy komste begin die hoenders meer eiers lê, die lemoene in oorvloed groei en die velde soos blomme ruik. So blom die liefde ook tussen Ella en die vreemdeling.

Haar pa begin droom van rykword uit hul plaas se buitengewone oes, maar die dorpspolisieman, Sherridin (Mal-



Dann-Jaques Mouton en Ephraim Gordon in *Die Vreemdeling*.

FOTO: Tom Raath

com) begin onraad vermoed.

Al die dorpsmense word deur die drie akteurs gespeel. Hulle gebruik 'n bongo-trom, kitaar en viool om die agtergrondmusiek te maak.

Die regisseur Mark Fleishman het Frances Maerk se kortverhaal baie bedreve vir die teater verwerk. Dis ryk aan simboliek en beeld 'n verskeidenheid emosies aangrypend uit.

'n Balans tussen die komiese

en tragiese word treffend gehandhaaf. Fleishman het die verhoogruimte en belighting goed gebruik om die illusie van 'n klein dorpie te skep.

Die spel het opgewek met 'n liedjie begin en somber met dieselfde liedjie geëindig. Dit bied stof tot nadenke. Geen wonder dat *Die Vreemdeling* al vyf benoemings vir teater-en feespryse ontvang het nie.

– 12 Maart, 21:00

Wholly uninspiring

CABARET

WITH HERMAN VAN DEN BERG, JOLETTE ODENDAAL AND NAOMI MORGAN.

NOMASWAZI NKOSI

HERMAN van den Berg and Jolette Odendaal stepped into the shoes of adored French singers Jacques Brel and Edith Piaf to perform Afrikaans versions of French favourites. The Sanlam NagKAT was filled with expectant music lovers. However, when narrator Naomi Morgan walked onto the stage unnoticed for the introduction, the scene for an uninspiring performance was set.

Van den Berg opened the show with Brel's "Marieke", met with anticipatory applause by the audience.

The singer's inability to fully captivate the audience left many disappointed. "Ne me quitte pas" was not an improvement. Odendaal's beautiful voice did more justice to Piaf's songs in convincing renditions of "Padadam" and "La Vie en Rose". But the performance was such an underwhelming experience, some audience members could not hide their boredom. Some fell asleep and were only awoken by mandatory applause after each song.

– 12 March, 21:00

Poetic exchanges

EVANS MANYONGA

ACCLAIMED wordsmiths Sindiswa Magona, Karin Schimke, Finuala Dowling and Mari Peté performed their works of poetry in *Land of Body, Body of Land*.

In the Boekentent the five experienced poets shared ideas with the small but attentive crowd during the SU Woordfees. This was facilitated by Leon De Kock who also shared some of his own works with the audience.

The audience was completely engrossed with the poetry reading, with much appreciation of

Peté's unique and exciting work. She included singing in her recital, which made it a novel and moving performance. She read in both English and Afrikaans, juggling the two languages in a rhythmic and effortless way.

Another poet of note was Schimke whose emotions carried in her hard-hitting verses. The crowd clapped and whistled after her reading.

Magona's delivery was more dramatic and lively than the other poets and she read with considerable passion. The crowd was clearly impressed.

highlights

'n Verhaal van drie stede

Bittereinder nuut op die dorp

Nico Gous

Dit is die Woordfees dié, so ek kan mos maar 'n storie vertel," het Jaco van der Merwe, hoofsanger van die musiekgroep Bittereinder, gespog. En dié manne het 'n storie om te vertel.

Die Pretorianers se bekendstelling van hul eerste album 'n Ware Verhaal in die Klein Libertas-teater was hul eerste optrede in Stellenbosch.

Ondersteuners van alternatiewe musiek sal met Bittereinder se gewilde "A Tale of Three Cities" en "Ware Verhaal" vertroud wees.

Bittereinder se kleredrag was ietwat eksentriek. Met bizarre hooftooisels het dit gelyk asof groot potlode deur Louis Minnaar en Peach van Pletzen se koppe gedruk is.

Die groep se klanke kan ook nie as "gewoon" beskryf word nie. Die intense bas-inleiding van "Almanak" was so opruiend dat dit byna vreesaanjaend word.

Tog was die vertoning uniek en vars. Wanneer hulle later papnat-



Jaco van der Merwe verras sy ondersteuners al die pad van Pretoria.

gesweert is en swymelend wieg op stadiger liedjies soos "Die Slang & die Arend" en "Solidariteit", wonder jy of dit dieselfde sangers van

"Almanak" is.

Die gaskunstenaars was Tumi Molekane, Jack Parow, Inge Beckmann en Richard Broken-

FOTO: Lourensa Eckard

sha van Isochronous en hulle het geen bekendstelling nodig nie.

Dit is juis die gaskunstenaars wat die ervaring die moeite werd

gemaak het.

Beckmann het opnuut bewys waarom sy een van beste sangers in die land is.

Die gejuig toe sy op die verhoog verskyn het, is beslis tekenend van haar gewildheid.

Die hoogtepunt van die aand was egter die eerste lewende opvoering van "A Tale of Three Cities" deur Bittereinder, Parow en Molekane.

Parow was byna soos 'n dominee aangetrek en hy het die heeltyd 'n oop Gesangeboek in die hand gehad.

Bittereinder se ondersteuners uit Pretoria het luidkeels te kenne gegee hulle hou van die verwysing na hul stad in "A Tale of Three Cities".

Vroeër het Molekane Johannesburgers in die gehoor se harte warm laat klop met die verwysing na sy tuisstad in sy lirieke.

Hoewel die gaskunstenaars se optredes beter as Bittereinder's was, was hulle tog vermaaklik.

Hulle het dit reggekry om die gehoor 'n verskeidenheid van emosies te laat ervaar – beide positief én negatief.

Victorian enlightenment hits Africa

THEATRE

WITH STEPHANIE HOUGH AND KAROLIEN VAN ZYL.
DIRECTOR: GAERIN HAUPTFLEISCH.

EVANS MANYONGA

REZA de Wet's *A Worm in the Bud* is an entertaining, clever period piece with very few dull moments, presented to appreciative audiences at the SU Woordfees.

This uniquely structured play,

directed by Gaerin Hauptfleisch, kept audiences transfixed for its full 85 minute run.

The story is about Emma (Karolien van Zyl), a Victorian woman from a conservative, cultured background who comes to South Africa to teach English in a small Afrikaans town. Stephanie Hough stars as Katy, her sister.

Emma has ambitions of bringing Victorian enlightenment to Africa, specifically to the Afri-

kaners whom she regards as uncivilized bunch. "A dirty lot who are backward, stupid and don't use table cloths." However, the longer she stays in Africa the more she learns about a different way of life.

A Worm In The Bud's success lies in a well-constructed conversation between the two characters through a series of letters and diary entries. While this is an interesting theatrical device this

style takes some time to get used to. Regardless, the cast puts on excellent performances.

The light and dark Victorian dresses provide an interesting contrast between the two characters. The director made use of sound effects to enhance the production, but these were not always audible enough to be fully appreciated. A wonderfully entertaining and provocative work.

– 9 March 2011, 20:00

'n Minuut of twee in die Kombuis

MIA SPIES

KOFFIE is die enigste verslawing wat Koos Kombuis nog nie kon afskud nie.

Dié belydenis het hy by die bekendstelling van sy se jongste boek *Die Reuk van Koffie* gemaak.

"Ek het vrede gemaak dat daar nie seks in die hiernamaals gaan wees nie, solank daar net koffie is – net nie *decaf* nie," het Kombuis geskerts.

Die boek bestaan uit rubrike wat Kombuis oor die afgelope vyf jaar geskryf het. Hy's gespot dat dit hom gewoonlik 'n maand vat om negatiewe gevoelens in humor om te sit vir sy rubrike.



LOCAL ROCK LEGEND: Karen Zoid

PHOTO: Tom Raath

Queen of rock serves up musical feast

HAJI MOHAMED DAWJEE

THE crowd awaiting Karen Zoid at the Bilton wine estate in Stellenbosch relaxed under a stunning canopy of stars above the amphitheatre.

The home-grown rock quartet Zinkplaat set the scene with their Afro-beat inspired Afrikaans jamming and got the audience singing along to favourites such as "Piekniek op die Maan".

Then South Africa's first lady of rock stepped onto the stage to make the night truly magical.

Zoid is a cultural melting pot of musical talent and served up her signature "Afrikaner's is Plesierig" as an entrée. This might be regarded as predictable, but it was rather a smart move that saw

the subdued crowd get up and surge to the front of the stage to share in her energy.

Zoid introduced fellow-singer and guitarist, Nick Turner to perform "Retail Therapy", a song inspired by the recession.

Her dynamic repertoire is further enhanced by the accompaniment of Adriaan Brandt on trumpet as the three artists weaved a tapestry of what Zoid referred to as her "favourite traditional song". The arrangement is reminiscent of a smoky Sophiatown jazz bar.

The call-and-response between Zoid's cries of "Lord have mercy on me" and the melismatic echo of the trumpet made the listener feel as though they had just eavesdropped on some of the best musical conversation possible.

foto's



1



2



3



5



4

photos



1. Pieter de Jager van die Tuindwergies by die Zappa Straatfees. Foto: Siyavuya Madikane
2. Evita Bezuidenhout het haar gehoor laat skaterlag. Foto: Lourensa Eckard
3. Die Soweto Gospel Koor het alle verwagtinge oortref tydens hul optrede by die Spier-amfiteater. Foto: Nielen Bottomley
4. Inge Beckmann het saam met Bitterreinder opgetree. Foto: Lourensa Eckard
5. Stef Bos het geen orkes nodig gehad nie. Foto: Nielen Bottomley
6. *Die Vreemdeling*, gebaseer op 'n kortverhaal van Frances Maerk, was 'n gunsteling onder teatergangers. Foto: Tom Raath
7. Elsa Joubert vra Arnon Grunberg om 'n boek te teken tydens die Groot Vyf-bespreking in die Boektent. Foto: Nielen Bottomley
8. **Blue's boots.** Elvis Blue het in dié skoeisel by die Neethlingshof-wynplaas opgetree. Foto: Lourensa Eckard
9. Die **WOW-karnaavalstap**. Die geleentheid is swak bygewoon maar dit het nie die jongklomp se pret bederf nie. Foto: Lourensa Eckardt
10. Almal se "liefling" Bobby van Jaarsveld het hartsnare geroer tydens sy vertoning. Foto: Tom Raath
11. Elizabeth Frandsen was 'n sensueel diva in Niël Rademan se *Das ist Berlin*. Foto: Nielen Bottomley



proifie



Margaret Bakkes

FOTO: Siyavuya Madikane

Bakkes: 'Skryf is 'n liefde'**Joshua Carstens**

"VIR my is vanaand 'n Oscar-aand."

Só het die veteraan-skrywer Margaret Bakkes met tranen in haar oë haar profielaanbieding tydens die US Woordfees beskryf.

Bakkes is vereer vir haar volledige oeuvre wat oor vyftig jaar strek – sy het meer as dertig boeke en bundels die lig laat sien.

Volgens Bakkes het boeke haar al van kleins af aangegegryp.

Sy meen skryf is 'n liefdeswerk.

"Ek skryf omdat ek lief is vir Afrikaans en nie huis anders kan nie. Dit is 'n dwingendheid," het sy gesê.

Bakkes is op 'n plaas in Sterkstroom in die Oos-Kaap gebore.

In 1966 het sy haar eerste roman, *Die verste reis*, gepubliseer. In 1976 het sy saam met haar klein neef, die bekende skrywer Henrie Aucamp, *Baksel in die môre* geskryf.

Sy is al 37 jaar met die geskiedkundige Casper Bakkes getroud. Hulle het vier kinders, Johan Marius, Matilde en Christiaan. In 'n gesprek met *LIP* het haar seun Johan gesê dat sy ma 'n statige vrouw is. "Ek is eintlik bang vir haar!" het hy geskerts.

Volgens Johan het sy ma hom geleer om te lees en om "dieper te droom as net droom".

Johan het vertel min mense is daarvan bewus dat Margaret 43 jaar gelede 'n titaniese kankerstryd oorleef het. Sy is met

limfkanker gediagnoseer en haar prognose was ses maande.

Hy het vertel sy broer, Christiaan, wat destyds drie jaar oud was, het "die Here gevra om sy ma tot sy 21ste lewensjaar te spaar".

Bakkes se vriendin Liesbeth Botha het haar innerlike krag beaam en haar as 'n formidabile vrou beskryf. "Niks kry Tannie Margaret onder nie," het sy bewonderend gesê.

'n Bewoë Bakkes het gesê sy is innig dankbaar dat 'n leeftyd van prestasie vir ander mense iets kon betekende.

Haar jongste roman, *'n Verplek vir Zilla*, het verlede jaar verskyn en haar volgende roman sal hopelik voor haar tagtigste verjaardag in Desember verskyn.

T.T. Cloete**Woordryke digter begeester****Charlea Sieberhagen**

Die digter T.T. Cloete was 'n akademikus, maar hy is eintlik ook 'n ware intellektueel en 'n groot denker in die ware sin van die woord."

Só het die letterkundige Heiln du Plooy vir Cloete tydens die bekendstelling van sy jongste digbundel, *Onversadig*, beskryf.


Die WOORDtroFEES-medalje vir besondere bydrae tot die Afrikaanse letterkunde is tydens die geleentheid aan hom oorhandig.

Dit was Cloete se eerste besoek aan die US Woordfees en hy het aan die gehoor in die volgepakte Sasol Kunsmuseum gesê dit is een van die hoogtepunte van sy lewe.

Du Plooy en die digter Joan Hamblett het hulde aan Cloete as mens asook sy digkuns gebring. André Strijdom se toonsettings van Cloete se gedigte is



T.T. Cloete het gesê hy "voel soos tinkelkie onder die arende".



T.T. Cloete het gesê hy "voel soos tinkelkie onder die arende".



FOTO'S: Tom Raath

deur Elizabeth Frandsen gesing en Cloete, wat in Mei 87 word, het die uitvoering as "verruklik" beskryf.

"Dis ongelooflik hoe een kunswerk deur 'n ander kunswerk vermenigvuldig kan word. Ek is

stomgeslaan," het Cloete gesê.

Hy het ook genoem dat Stellenbosch vir hom na dese 'n "nuwe, onvergetelike betekenis" gekry het.

Cloete het reeds in sy jeugjare begin skryf, maar hy het eers op

56 gedeputeer.

As eerstejaarstudent in teologie het hy polio opgedoen en tydens 'n lang siekbed letterkunde as nuwe liefde ontdek.

Hy was aanvanklik professor in Afrikaans-Nederlands aan die

destydse Potchefstroomse Universiteit, maar in later jare het hy baanbrekerswerk gedoen deur die eerste departement Algemene Taal- en Literatuurwetenskap in Suid-Afrika by die Universiteit van Port Elizabeth te stig.

Van 1990 tot 2001 het hy gehelp om die Psalms vir die *Liedboek van die Kerk* in gedigte te omeskep. Hiervoor het hy die Andrew Murray-prys ontvang.

Oor sy nuwe digbundel se titel het Cloete gesê dat hy "onversadig is van weet wat aangaan in die skepping".

Met verwysing na die gedigte in die bundel wat ná sy vrou Anna se dood in 2007 geskryf is, het hy gefilosofeer dat die dood ter selfdertyd "destruktfief" en "konstruktief en kreatief" kan wees.

Cloete het die aand met woorde uit Psalm 118 afgesluit: "Dit is die dag wat die Here gemaak het; laat ons daaroor juig en bly wees."

Hulde aan 'n skrywer van die volk**Raymond Willemse**

VIR meer as vyftig jaar betower die skrywer Pieter W. Grobbelaar oud en jonk met sy besonderse kinderboeke.

Talle van Grobbelaar se meer as 200 boeke het volksbesit geword. *Die Mooiste Afrikaanse Sprokies* en *Die Groot Afrikaanse Heldebok* is tekenende voorbeeld van dié skrywer se gewildheid.

Vir *Die Mooiste Afrikaanse Sprokies* is hy met die C.P. Hoogenhout-prys bekroon en hy het ook deur die jare etlike ander prysse ingegeoe.

Ter viering van Grobbelaar se 80ste verjaardag en sy bydrae tot die Afrikaanse letterkunde is hy op die US Woordfees vereer.

Die feesdirekteur, Dorothea van Zyl, en 'n letterkunde-

onderwyskenner, Adinda Vermaak, het met Grobbelaar oor sy lewe en werk gesels.

Grobbelaar wou as kind al 'n skrywer word, maar die skryf-goggga het hom eers in sy dertigs behoorlik gebyt.

"Skryf is nie net 'n gawe nie; jy moet ook jou ambag ken," het Grobbelaar opgemerk.

Hy was uiteindelik nie net bekend en geliefd as kinderboekskrywer nie, maar ook as omroeper, kultuurkennner en akademikus.

Ná sy filosofie-studies aan die Universiteit van die Vrystaat het hy as joernalist by *Die Burger* gewerk voor hy as omroeper het by die destydse SAUK gewerk het.

Hy was vir 'n kortstondige periode ook 'n onderwyser.

Voor sy aftrede in 1996 was hy

hoof van die departement Afrikaanse Kultuurgeschiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch.

Hoewel hy deur die jare die inspirasie vir sy tientalle stories vanuit Suid-Afrika se eie ryk stroeskat gekry het, is hy ook deur volksverhale, sprokies, legendas en fabels van regoor die wêreld geïnspireer.

Die bekende Afrikaanse sanger Randall Wicomb het ook hulde gebring aan Grobbelaar. Tot groot vermaak van die gehoor het Wicomb losgetrek met "Ou Sontjie Sak Mos Weg" en hy het ook as 'n spesiale toegif "Dans met die Rood Rok" gesing.

Wicomb het vertel dat Grobbelaar hom begeester het om in Afrikaans te sing.

"Hy het my beker toe hy 'n boks vol Afrikaanse kasette na

my toe gebring het om te restoureer," het Wicomb gesels oor die talentvolle skrywer se invloed.

Grobbelaar het in sy lang loopbaan gemiddeld vier boeke per jaar geskryf – dit maak van hom een van die produktiefste skrywers in die land.

"As die geldnoed soms geknyp het, het ek meer as een boek per maand geskryf!" het hy teenoor Van Zyl geskerts.

Van Zyl het Grobbelaar se kinderboeke, kultuurnavoring en vertalings as 'n "potjie goud wat hy vir die Afrikaanse volkskultuur laai" beskryf.

Moet egter nie dink Grobbelaar is al moeg geskryf nie. Hy skuif nog elke dag agter sy tikmasjien in. Sy nuwe boek *Kampvuurstories* het onlangs by NB-uitgewers verskyn.

Pieter W. Grobbelaar
FOTO: Stephanie Pekeur

Honneursklas

Liefde 'n voorreg

WOORDMUSIEK

REGIE: ADRI BREED.
MUSIKALE REGIE: FRANCO
PRINSLOO.

Charlea Sieberhagen

JY DINK jy gaan na 'n woord- en musiekproduksie in die Konservatorium kyk, maar eensklaps besef jy jy is deel van 'n honneursklas in dialektologie. Die klas is interaktief en die professor is streng: geen stilte word vanaf die gehoor in die Fismeraal geduld nie.

Groot woorde soos "leksikale variasies", "sintakties", "fonetiese variante" en "Oranjerivier-Afrikaans" laat jou vir 'n oomblik wonder of jy nie dalk aantekeninge moet neem nie.

Maar soos wat die "klas" vorder, word die gehoor aan die storie van twee geliefdes in die rooi Kalahari, Kois (gespeel deur Netanja Brink) en Koib (gespeel

deur Jako Meyer), blootgestel.

Hans du Plessis se herskrywing van die Bybelboek Hooglied in digvorm in Griekwa-Afrikaans en Lize Beekman se toonsetting van hierdie gedigte, is 'n kombinasie wat 'n mens laat wonder hoe die een ooit sonder die ander kon bestaan.

En dan begin hulle sing.

Hulle sing van die liefde en oor gevoelens wat in geen ander dialek so mooi en opreg kan klink nie. Selfs al het jy nog nooit 'n woord hiervan gehoor nie, kan jy nie help om met die emosies te identifiseer en deur die musiek meegevoer te raak nie.

Die enigste krappereigheid was die stemme wat met mikrofone versterk is. Vir 'n opvoering wat so ongekunsteld en eenvoudig is en boonop in 'n teater met goeie akoestiek opgevoer word, was dit dalk oorbodig.

Die musiek het regdeur die vertoning gewissel vanaf diep

en dramaties na lighartig en opgewek. 'n Paar koddige danspassies deur kleurvolle karakters is tus-sendeur opgevoer.

"Niks wat tweedehands is, kan as eerstehands verkoop word nie. Ook nie die liefde nie," is een van die vele lewenslesse wat die gehoor uit hierdie verhoogstuk kan neem.

Boegoe vannie liefde is voorwaar 'n viering van die liefde en Afrikaans en die voorreg om in jou taal te kan liefhe.

Dis die herinnering aan 'n dialek wat nooit meer in die moderne samelewning gehoor word nie en, net soos ware liefde, te kosbaar is om te verdwyn. Soos die professor ook aan die einde sê: "Hooglied is die verhaal van volmaakte liefde."

Ek kan met eerlikheid sê ek was nog nooit so spyt dat 'n klas moes eindig nie.

– 7 Maart, 20:00



Netanja Brink en Jako Meyer.

FOTO: Stephanie Pekeur



Dean Balie as Romeo en De Klerk Oelofse as Juliet.

PHOTO: Tom Raath

Breakneck Bard

DRAMA

WITH DE KLERK OEOFSE,
WESSEL PRETORIUS AND
DEAN BALIE.

Tom Raath

IN *Korte Mette met die versamelde werke van William Shakespeare*, De Klerk Oelofse, Wessel Pretorius and Dean Balie are faced with the daunting task of presenting 37 plays in 99 minutes.

Pretorius, presented as a foremost researcher on Shakespeare, begins by lamenting the "sodomising" effect of sitcoms on society and aims to heal the audiences' ignorance. He calls Oelofse to stage who has prepared a history of Shakespeare. Oelofse is the stand-out performer, always maintaining a child-like charm that extends into the group's favouring of Shake-

peare's work which can be turned into a spectacle – including a dramatic death.

The actors mostly manage to contain the frenetic energy required by farcical comic acting. Chaos is neatly packaged within a wide variety of styles, revealing real deftness in dealing with Shakespeare.

It is a pity the play unravels somewhat towards the end. Their interpretation of Hamlet completely descends into madness with actors running out of the theatre and audience participation interrupting what had been a fine show. Although some knowledge of Shakespeare adds to one's appreciation of the finer nuances, it is by no means essential to joining in on the ample fun. They never get around to covering all the plays, but what they manage is as you like it.

– 7 March, 18:00

theatre

Prinsloo positief oor teater

Gerrit Schaafsma

SANDRA Prinsloo lyk nie soos Sandra Prinsloo nie. Pleks van haar bekende blonde kapsel het sy vlamrooi hare, swaar grimering en 'n vaal serp.

Oor vyftien minute gaan sy as die karakter Kay op die verhoog in die toneelstuk *Janneman*, maar nou knyp sy tyd af vir 'n geselsie hier in die Spier-amfiteater se kleedkamer.

Prinsloo was in twee toneelstukke by vanjaar se US Woordfees te sien: *Janneman* en *Vergenoeg*. "Ek is so besig met die twee produksies dat ek nie kans gekry het om self teater toe te gaan nie," sê sy teleurgesteld.

Sy is positief oor die toekoms van teater en voel die kunste is

'n onmisbare deel van die samelewning. Sy voel ook sterk daaroor dat die media meer aandag aan die kunste moet gee.

"Deur minder aandag aan die kunste te gee, skep dit die persepsie dat dit onbelangrik is," sê sy.

Sy gaan binnekort 'n plattelandse toer aanpak met die aangrypende eenvrouvertoning *Naaimasjien* wat Rachelle Greeff geskryf het. Prinsloo is bekroon met 'n Fleur de Cap-teatertoekenning vir die rol van 'n ou tannie wat agter haar naaimasjien sit en mymer oor die lewe.

Die toer is 'n manier om teaterliefhebbers in die uithoek van die land te bereik, vertel Prinsloo. "Ons vat teater na die mense," sê sy trots. Dit is waar dat teaters die afgeloede dekades begin leeggloop

het, maar sy glo dit is vir kunsenaars belangrik om aan te hou om mense aan die teater bly te stel."

Sy verduidelik dat sy met elke vertoning "iets ekstra" na 'n karakter probeer bring. Dit is 'n voortdurende proses waarin sy haar vertolkings verfyn deur alles weg te stroop om tot by die kern van die karakter te kom.

Net voordat sy deur haar twee mede-akteurs weggeroep word, gesels sy oor haar planne vir die toekoms. Op die oomblik is sy besig om 'n nuwe televisiereeks vir kykNET te ontwikkel en sy gaan later vanjaar in D.J. Opperman se toneelstuk *Hartland* te sien wees.

Sy poseer vinnig vir 'n foto en verdwyn dan na die verhoog om onder Kay se vel in te klim.

Holm speel lekker vlak

TEATER

MET: MARION HOLM.
REGIE: CHRIS VORSTER.

Lourensa Eckard

ONDER 'n diep bloedrooi lig staan Marion Holm. Met 'n swart en gouejas, hande biddend saamgevou, dra sy die eerste lyne van Shakespeare se *Hamlet* voor.

Skielik word dit donker, sy val op haar knieé en gooi diejas af.

"Nou het ek julle lekker laat skrik. Julle het gedink julle kyk 'n regte *play*. Kyk hoe bleek is hierdie een," sê sy en wys reguit na my. *Met die Holm Gebore* isinderdaad nie 'n regte *play* nie.

"Vanaand gaan ons diep gaan, maar vlak genoeg dat mans kan verstaan," stel Holm die gehoor



Marion Holm

FOTO: Lourensa Eckard

skertsend gerus.

Tydens die vertoning spring Holm rond, gooi haar hande in die lig, skop, draai en dans. Haar gesigsuitdrukking is verstom-

mend. Daar is nie 'n stem of aksept wat sy nie kan namaak nie.

Biografiese brokkies en snaakse staaltjies oor interessante mense en uit haar eie lewe vorm die onderbou van die vertoning.

Ná die tyd vra ek vir Holm 'n paar vragte. Sy krap kop om te besluit waar haar toneelspel-inspirasie vandaan kom. Simon Baker, Tony Shaloub en Antoinette Kellerman is van haar gunsteling-akteurs.

"As ek na hulle kyk, raak ek so lus vir die lewe, ek gaan was sommer die bure se skottelgoed," spot sy.

Holm beskou haarself nie as 'n komedian nie. "Ek is net 'n aktrise," sê sy met oortuiging. "Dit is al wat ek kan doen."

– 10 Maart, 18:30

Lewe, leed en lag

DRAMAFEES
DEUR DANA SNYMAN.
MET FRANK OPPERMAN.
REGIE: GYS DE VILLIERS.

Michelle van der Spuy

"HARTLIK welkom hier by Suidelikes. Die president is op pad."

Só begin die skreeunaakse opvoering van Dana Snyman se nuwe toneelstuk, *Rooikaart*. Soos in Snyman se eerste toneelstuk, *Die uwe Pottie Potgieter*, vertolk Frank Opperman weer die rol van Wally Koekemoer, die president van die Suidelikes Rugbyklub.

Die arme drommel moet die klub se jaarlike prysuitdeling onder uiters moeilike omstandighede reël. Dit word vinnig duidelik alles is nie pluis in Koekemoer se lewe nie. Die stuk se dekor is buitengewoon realisties en Opperman is uiters oortuigend as 'n man wat uiteindelik moet erken dat sy lewe gefaal het.

Sy uitrafeling is so subtiel dat sy ineenstorting die gehoor verras. Die parallel tussen Koekemoer se deurmekaar lewe en die rugbyklub se benarde situasie word in sy laaste monoloog voltrek: "In die lewe probeer 'n mens jou eie refwees. Ek gee myself 'n rooi kaart."

– 7 Maart, 18:30



Frank Opperman as
Wally Koekemoer.

FOTO: Gerrit Schaafsma

Dramafees

Chaos ontbloot mens

DRAMAFEES

MET ANNA-MART VAN DER MERWE, JOHANN NEL, MARTELIZE KOLVER EN LEON KRUGER.
REGIE: HENNIE VAN GREUNEN.

AJ Opperman

In *God van chaos* word die menslike natuur heel tereg bevraagteken.

Mense maak immers hulself aan skyn, selfbeheptheid en onkunde skuldig. As hoogmoed en pretensie hierby gevoeg word, lei dit tot reuse-chaos.

Dié boodskap klink dalk swaardwrigtig, maar *God van chaos* se humor katrol die kyker van meet af in.

In haar kunstige sitkamer in Durbanville begin Yvonne Viljee (Anna-Mart van der Merwe) aan 'n versoenoingsdokument skryf. Haar man Magiel (Johann Nel) en die egaar Alan (Leon Kruger) en Annette (Martelize Kolver) is ook daar.

Hierdie situasie is oënskynlik eenvoudig, maar die onderstrominge in die verhoudings stu spoedig soos 'n verwoestende tsoenami na die oppervlak.

En pogings om die vrede te bewaar, kan uiteindelik tot groot skaalse konflik lei.

Tog word daar wel in die stuk gesinspeel dat 'n Hoë Hand steeds 'n invloed op alles het.

God van chaos is een van daardie toneelstukke wat jou dwing om vir jouself te lag, maar ter selfdertyd behoorlik introspeksie



Martelize Kolver (Anette) en Johann Nel (Magiel).

FOTO: Nielen Bottomley

mee te bring.

Die treffende teks ontbloot telkens die mens se swakhede.

Van der Merwe se subtile spel belig dié tematiese aspekte baie geslaagd.

Die ontknoping bring die ge-

dagte huis dat foute uiteindelik tot wysheid lei.

Dit is juis die chaos in die lewe wat jou tot nuwe insigte besorg. 'n Openbaring wat 'n mens lank sal blyby.

– 8 Maart, 20:15

The ins and outs of everlasting love

DRAMA

WITH ESTHER VON WALTSLEBEN, JAN-HENDRIK OPPERMAN.
DIRECTOR: FRANCOIS TOERIEN.

Natasha van Wyk

A LIGHT-HEARTED look at relationship stereotypes, *Daai V-Ding*, written by Esther von Waltsleben, uses a mixture of short skits and parody to comment on the crazy and cosy in relationships.

The plot is simple and accessible, echoing the actors' real experiences with Von Waltsleben as Esther and Jan-Hendrik Opperman as Jan-Hendrik, married amateur actors. While doing endless shows for child audiences they wonder if they should try to

find a career which could ease the tension on their wallets.

The opening scene at the Klein Libertas Theatre saw the twosome in a lively musical debate over being teenagers in the 80s and 90s.

The skit was animated and well-planned with a rapid synopsis of the musical highlights of the respective decades.

The play gives the audience a glimpse of the couple's courtship by means of flash-backs and returns to their present woes without missing a beat as one scene dissolves into the next.

Von Waltsleben and Opperman portrayed several characters and clearly enjoyed playing each, even though some felt like caricatures.



Jan-Hendrik Opperman en Esther von Waltsleben.

PHOTO: Stephanie Pekeur

The audience, however, lapped it up and thoroughly enjoyed this amusing performance.

The actors' eagerness and energy throughout the show was contagious.

The use of mime in one of the

scenes was less successful and came across as over-animated on the cramped stage, but Francois Toerien's dynamic direction cannot otherwise be faulted.

During the final scene in which the twosome pretended to be actors doing a fairy tale scene from a children's production, Von Waltsleben and Opperman could not contain their laughter (or characters) anymore.

But the audience did not mind — even their corpsing was contagious. In the context of the play it was refreshing to see the couple enjoying and laughing at themselves. It made their funny show all the more personal and memorable.

– 11 Maart, 20:15

Humour and heartache in hindsight

Jana Joubert

THE very idea of a collaboration between Casper de Vries and Shaleen Surtie-Richards, two South African comedic legends, leaves you smiling.

Under De Vries' direction, Surtie-Richards succeeds in dishing up a one-woman production that has the audience laughing from her first line in *As ek maar geweet het*.

Introduced as the angel Sarah Abrahams, dressed in white robes and chanting Latin phrases, she is summoned by the voice of God and flashbacks of her life begin.

The first of Surtie-Richards' characters was Tant Raaisie, the midwife who delivered Sarah. Raaisie is an old woman with a swearing problem and her pronunciation of "leen-ga-ree" instead of lingerie had the audience

in stitches. This character was Surtie-Richards' most convincing portrayal in the play, but unfortunately we only got to see Raaisie once.

Sarah, the bratty 13-year old, and Sarah the homeless 18 year old follow on from Tant Raaisie.

While Surtie-Richards managed to tell the story of Sarah's difficult life with a mixture of humour and heartache, her characterization was simply not convinc-

ing as Surtie-Richards failed to convey continuity in Sarah's life stages.

There was no consistency in accents or mannerisms of the character. It was as though she plays a different person each time and not the same character at different ages. Luckily this will not be the impression of *As ek maar geweet het* you leave with; instead you are left smiling about Tant Raaisie's "leen-ga-ree."

Bedryf se toekoms in jeug se hande

‘SA het nie ’n filmkultuur’

Joshua Carstens

Die veteraan-rolprentmaker en -regisseur Katinka Heyns het tydens ’n gesprek by die US Woordfees gesê hoewel sy positief is oor Suid-Afrika se rolprentbedryf, ontbreek ’n rolprentkultuur in Suid-Afrika.

“Die toekoms van die bedryf lê in jong mense se hande. Ons moet na hulle toe beweeg en nie andersom nie,” het sy gesê.

Heyns was een van die sprekers tydens ’n gesprek waar die rol van die rolprent in die digitale era bespreek is.

Die gesprek is deur Hannes van Zyl geleei.

Die ander sprekers was Martin Botha (hoogleraar in filmstudies aan die Universiteit van Kaapstad), Gabriël Botma (dosent aan die US se nagraadse departement joernalistiek), Pierre Lombard (aspirant-rolprentmaker) en

Elsabé Daneel (bekende aktrise en televisiepersoonlikheid).

Daneel het Heyns se siening beaam en gesê daar is ook nie ’n kultuur onder Suid-Afrikaners om na goeie rolprente te kyk nie.

“Hoe meer mense – veral die jeug – aan gehalte-rolprente blootgestel word, hoe meer gaan hulle dit begin waardeer,” het sy geseldrigtig gesê.

Volgens haar beleef die Suid-Afrikaanse rolprentbedryf tans

’n bloeitydperk, maar sy sal tog “meer uitdagender films” wil sien.

Op ’n vraag of die standaard van Afrikaanse rolprente gedaal het, het Heyns gesê jy kan nie ’n film soos *Paljas* met hedendaagse rolprente kan vergelyk nie.

“Die kultuur is vandag baie anders en ons het destyds, vreemd genoeg, meer geld gehad om rolprente te maak,” het sy gesê.

Botma het gesê Suid-Afrika is aan die Hollywood-kultuur uit-

gelewer en indien daar wel ’n omvattende rolprentkultuur geskep gaan word, gaan dit ’n organiese proses wees.

Lombard het gesê daar is ’n “verwarring van identiteit in die Suid-Afrikaanse rolprentbedryf” en dat hy as ’n jong rolprentmaker sukkel om die plaaslike rolprentkultuur te tipeer.

Vanjaar is die eerste keer wat ’n gesprek oor die rolprentbedryf by die US Woordfees gehou is.



SPANPRAATJIES: Van links na regs is Theuns Stofberg, Toks van der Linde, Hempies du Toit en Naas Botha.

FOTO: Siyavuya Madikane

Sportlegendes deel staaljies uit verlede

Raymond Willemse

GEEN rekords is gebreek of drieë gedruk nie, maar die gehoor in die volgepakte Stellenbosse gholfklubsaal het tydens die US Woordfees se Sportlegendes-aand almal soos wenners gevoel.

Die televisie- en radio-aanbieder Jan Snyman het die gesprek as “skeidsregter” geleei. Talle sportsterre het hul erva-

rings en passie vir die sport gedeel. In die eerste helfte het Snyman met Ernst van Dyk (Para-limpiese rolstoelkampioen), die atleet Elana Meyer (medaljewinner by die Olimpiese Spele), Danie Malan (voormalige wêreldekordhouer in 1500m), Jeremy Fredericks (kommentator op *Supersport*) en Omar Henry (voormalige krieketspeler) gesels. Sowel Malan as Meyer het ge-

praat oor hul frustrasie met die destydse politieke situasie in Suid-Afrika en hoe dit hulle verhoed het om aan internasionale sportbyeenkomste deel te neem. Dit het daartoe geleid dat Malan sy atletiekskoene opgehang het.

“Die silwer medalje wat ek in 1992 by die Olimpiese Spele gewen het, was vir my soos ’n goue medalje, want Suid-Afrika se terugkeer na internasionale sport was ’n groot oomblik,” het

Meyer gesê.

In die tweede helfte van die aand se program het ’n halfdosyn voormalige Springbokrugbyspelers ’n spreekbeurt gekry. Dawie Snyman, Theuns Stofberg, Toks van der Linde, Hempies du Toit, Breyten Paulse en Naas Botha het die gaste laat skater met staaltjies oor die ou dae. Oor een ding was almal egter baie ernstig: Hulle glo Suid-Afrika het die beste

rugbyspelers en dat die Bokke ’n goeie kans staan om die komende Wêreldbeker-rugbytoernooi te wen. Daar was konsensus onder die gespreksgenote dat senior spelers onderpresteer en te vroeg in die seisoen uitgeput is.

Die enigste kritiek was dat Meyer die enigste vroulike deelnemer was. Die manne kan volgende keer dalk die kring ’n bietjie wyer maak.

Media experts debate self-regulation issue

Robert Kaden

“THE media has an agenda and should not pretend it does not.”

These were the words of the political commentator and journalist Christi van der Westhuizen on RSG on Wednesday 9 March.

Van Der Westhuizen and fellow journalist Elna Boesak discussed media ethics and self-regulation on RSG’s talk show *Praat Saam*, presented by Lynette Francis, live from the Plataan Café next to the

Sasol Art Gallery.

Boesak argued self-regulation in the media was needed to create a democratic society but added a lot of change was still needed. She said journalists must use the Constitution as a reference point when self-regulating content.

Boesak and Van Der Westhuizen concluded the discussion by noting journalists have a responsibility to hear the opinions of citizens to form a functional democracy.



Christi van der Westhuizen (top) and Elna Boesak.
PHOTO: Gerrit Schaafsma

Self en ander bekyk

Michelle van der Spuy

“OP Stellenbosch is almal óf huidige filosofie-studente óf gewese filosofie-studente.”

Só het die gespreksleier, Gerrit Brand, ’n dosent by die US se fakulteit teologie, die gehoor welkom geheet by die jaarlikse Filosofiekafee wat in die Dorpstraat-teater buite Stellenbosch gehou is.

Stellenbosch se voorste filosowe het tydens die debat oor die tema “Self en Ander” koppe gestamp.

Twee spanne het aan die gesprek deelgeneem: die Elfde-

span (Hannes Smit, Servaas van der Berg en Anton van Niekerk) en die Selfde-span (Vasti Roodt, Paul Cilliers en Johan Hattingh). Al die spanlede is verbond aan die US se departement filosofie.

Elfde-span het danksy hartlike toegiving deur die gehoor die aand gewen. Hul prys: die gehoor se aanvaarding.

Roodt, die organiserder van die aand, glo ons is “mekaar se ewige gevangenis”.

Soos tydens enige filosofiese gesprek was die oplossing vir die probleem teen die einde ontrafel, maar nie opgelos nie.

musiek

'Julle verstaan ons' ddisselbl(l)om ontploff by fees

Tom Raath

In 'n volgepakte Dorpstraatteater was die musiekgroep ddiselblom met hul welluidende Afrikaanse folkrockklank een van die groepe wat tydens die eerste naweek van die US Woordfees konsert gehou het.

Johrné van Huyssteen is deur die ander twee lede, Jaco en Lienka Spies, losgelaat om tussendeur gewilde liedjies soos "Moervrou" en "Mystic Liefde" die gehoor met sy grappige opmerkings te vermaak.

Hy was ook nie bang om kaalvuis onder Afrikaanse kunstenaars in te klim nie.

Steve Hofmeyr het deurgeloop oor sy dreigement om sy U2-kaartjies weg te gooi. Chris Chameleon het 'n dwarsklap gekry toe Johrné sy oordrewe sopraangepronkery nageboots het en Kurt Darren is bygekom oor hoe hy sy eie naam uitspreek.

"Dis darem alles in 'n goeie gees en op 'n mooi manier gedoen," het Johrné agterna aan Lip gesê.

"Ons kyk rellig op niemand neer nie. Al daai mense wat super-suksesvol is, werk superhard," beaam Jaco. "Maar laat ek ook byvoeg: Ek dink nie die musiekbedryf is baie gesond nie," sê hy.



Die blom van ddiselblom,
Lienka Spies.

FOTO: Tom Raath

Johrné sit en wonder hardop waarom sangers soos Riku Lätti en Bacchus Nel nie groot aanhang geniet nie. Op die vraag hoe groot ddiselblom dink hul aanhang is, is Johrné vinnig om te sê hulle is "kleiner as ooit".

"Ons doen wat ons kan doen, en doen dit op die beste manier moontlik. As jy nie elke jaar 'n CD uitgorrel nie, is jy uit die scene uit. Ons is nie bereid om vyf-en-twintig shows 'n maand te doen nie, en daarom maak ons nie 'n miljoen rand per maand nie. Maar 'Koert' (Kurt Darren) is bereid om dit te doen."

Lienka stel dit so: "Ons vlieg onder die radar. Ons het baie ysters in die vuur."

Dit sluit die gastehuis en konferensielokaal in wat Johrné buite Stellenbosch bedryf en

dan is daar ook nog Jaco en Lienka se baba wat hulle huis baie besig hou.

Johrné sê hy wou nog altyd op Stellenbosch gestudeer het. Daarom beoog hy om sy doktorsgraad in besigheidsetiek later die jaar te begin.

"My navorsingsvoorstel moet eers goedgekeur word, so ek gaan my alie afwerk om die voorstel vir my tesis teen Junie in te handig," sê hy.

Jaco en Lienka woon in Johannesburg, maar hulle kom kuier gereeld in die Kaap.

Met dié dat hulle aan 'n CD werk om hul tien jaar in die bedryf te vier, kom Johrné ook dikwels in Gauteng. Die CD, wat tans nog naamloos is, sal treffers van hul gunsteling Afrikaanse liedjies bevat, asook vyf nuwe liedjies.

"Mense soek jou bydrae tot Afrikaanse musiek, nie 'n ontvlugting van popmusiek nie," sê Johrné.

Die US Woordfees het 'n spesiale plek in hul harte. Johrné sê ddiselblom vind byval by 'n nismark en die US Woordfees val so reg in hul kraal. Hulle het immers hul groot deurbraak danksy die eerste US Woordfees gemaak.

"Die Woordfees is ons *crowd*, want dis die mense wat ons verstaan," sê Johrné ingenoem.



'n Stuitige Stef Bos wys borshare ten bate van sy babadoekfonds tydens sy konsert op 7 Maart by die Bilton-wynplaas. Sy vrou het gevra hy moet 'n treffer skryf waarmee hulle nuwe baba kan ondervhou. Bos het gesê dit was die eerste keer dat hy 'n liedjie met 'n "f*kk*n beat" sing. Meer as 700 mense het die vertoning bygewoon.

FOTO: Nielsen Bottomley

Red blooded brilliance

Jana Joubert

BEING granted an audience with aKING is quite rare, but after some fancy footwork I managed to sit down with one of South Africa's hottest bands.

At the launch of their new album, *The Red Blooded Years*, I was pleased to discover that beyond their wild rocker image Laudo Liebenberg, Hennie van Halen, Snakehead Venter and Andrew Davenport are genuine, down to earth guys. Between their soundcheck and show, we managed to cover topics ranging from the production of the album to the dynamics of a new group member.

The Red Blooded Years is aKING's third album and their first with Andrew Davenport who has replaced Hunter Kennedy on rhythm guitar. It is clear the boys are not keen to dwell on Kennedy's departure.

"We just got on with it," Laudo proclaims. "With a new member

the whole style and process is different. But it's not odd, there is no void."

The group started working on the album in July last year and for the first time the writing process and rehearsals did not happen in rented houses and garages. Their manager, Jaco de Wet, found them official "headquarters" in Cape Town.

The band says fans can expect a more mature sound from the new album. "All four of us wrote together and contributed. It was a group effort," says Hennie.

They have covered new ground and have even added a keyboard into their music.

"Back in the days we sounded much more like a full-on rock band with fast, energetic, upbeat rock songs," says Hennie. Thinking about what he just said, he smiles. "In those days, as if we've been around for such a long time!"

Four years may not be a long time, but these guys have cer-

tainly come a long way and they have not lost their touch.

After the interview, I let the band get back to business and joined other eager fans on the sloping lawn of the Bilton Wine Estate.

The show was no let down. The introduction of seven or eight new songs was well-received and old favourites such "Safe as Houses" and "Holy Train" was a treat for aKING fans.

The band's energy was contagious and managed to get the laid back crowd up on their feet. When they played their hit "The Dance" there was a massive rush to the front of the stage, to which Laudo responded: "There we go!"

The integration of the keyboard into their music definitely adds an interesting touch to aKING's unique sound. The lyrics are as moving as ever and the melodies catchy. "The Runaround" is one of my favourite off the new album and I suspect it will be gracing our airwaves soon.



Clockwise from top left: aKING's members are Andrew Davenport, Hennie van Halen, Laudo Liebenberg and Snakehead Venter.

PHOTO: Gerrit Schaafsma

Junk yard jamming

Christiaan van der Merwe

THE tiny stage of the Aan die Braak theatre was scattered with an assortment of weird and wonderful musical instruments. The ensemble included everything from every conceivable percussive instrument as well as a pink melodica that would not look out of place in the bedroom of a nine-year-old girl.

This strange selection represented the tools of the trade for Mr. Cat & The Jackal, a band from Durbanville with a talent for turning any object into a musical instrument.

The band was relaxed as they strolled onto the stage, ready to introduce the audience to their radical sound. Many of the songs performed were from the band's recently released second album *Sins & Siren Song*, but the audience was indulged as the band played songs from their debut album as well.

The energy with which the band belted out its tunes did not lose momentum throughout the show.

They routinely vaulted between surrealistic blues, theatrical cabaret, introspective ballads and upbeat styles throughout the show.

One of the highlights was the rendition of "The Devil Always Wants to Dance" which saw Gertjie Besselsen morph into a Tom Waits-like character taking the audience on a seismic sound trip. The standout song of the evening was "Bad Man, He Comin" with an intoxicating driving bass line and vocals that are sure to impress many a future audience.



LOST IN THE MUSIC: Elvis Blue charms his audience with his love for singing.

PHOTO: Lourensa Eckard

Elvis sings the blues

Nomaswazi Nkosi

ELVIS Blue has a rock star name with very little of the rock star attitude. No grand entrance or gimmicks for this musician as he simply walked onto the intimate stage at Neethlingshof wine farm. It is clear that he is here to do one thing: sing.

And people want to listen. Families gathered at the beautiful wine farm just outside

Stellenbosch to catch a glimpse of last year's *Idols* winner and South Africa's newest singing sensation.

Elvis Blue introduced the 14 songs he performed with a thoughtful personal anecdote about the meaning behind each one.

He has a voice that is ideal for live acoustic performances in intimate venues. At Neethlingshof, however, his voice was at times muffled by the overpowering drums and electric guitar of the

band. It was only once the other musicians left the stage that his charm as a solo artist shone through.

He interacted with the audience in both English and Afrikaans and took fans on a nostalgic trip when he sang the theme songs from popular TV programmes, like "Voshaarnooi" from *Ballade vir 'n Enkeling*.

Elvis Blue is at his best with mellow love songs and in between his original work, he wowed the

crowd with cover versions of hits such as "Time After Time" and "Ain't No Sunshine".

By far the most popular of his songs was "Things My Father Said", which left most of his swooning older female fans singing along shamelessly, probably wishing they were a few decades younger.

It was Elvis Blue's first performance at the SU Woordfees and he is keen to return again next year.

Carmina: Kragtoer van emosies

Gerrit Schaafsma

KLASIEKE MUSIEK

MET DIE CANTICUM NOVUM KOOR, US SIMFONIE-ORKES, BEERLY CHIAT (SOPRAAN), ANDRÉ HOWARD (BARITON). DIRIGENT CORVIN MATEI.

BETOWEREND, meesleurend en behaaglik. Dit was hoe die gehoor die opvoering van *Carmina Burana* deur die Universiteit van Stellenbosch se simfonie-orkes en die Canticum Novum-koor beleef het. Die koloratuursopraan Beverley Chiat en die bariton André Howard het in 'n snikhete Endler-saal kleur verleen aan dié bekende musiek.

Carmina Burana is nie net 'n gunsteling onder klassieke musiek liefhebbers nie. Dit is wêreld-

wyd geliefd, ook omdat dit al in vele advertensies en fliks gebruik is. (Wie onthou nog die Old Spice-advertensies van ouds?)

Woon 'n lewende vertoning van *Carmina* by en dis maklik om te verstaan waarom die musiek so gewild is.

Jy word getref deur 'n warrelwind van klank wat deurspek is met hart-roerende solo-optredes. Veral die opruende einde van die stuk laat die luisteraar voel asof hy met geweld vorentoe gedra word.

Carmina Burana is gebaseer op 'n versameling anonieme Middeleeuse verse wat in die vroeë 1800's in 'n klooster herontdek is. Die temas van die verse handel oor die natuur, liefde en godsdienst. Die verse is in Latyn,

Middelhoogduits en oud-Frans geskryf en is onveranderd deur die komponis Carl Orff gebruik. Hy het tussen 1935 en 1936 dié verse getoonsoet en verwerk.

Oorspronklik is die musiek uitgevoer as deel van 'n opera-agtige toneelstuk. Deesdae word dit eerder in konsert-formaat uitgevoer.

Beverley Chiat het veral met 'n hartseer liefdeslied uitgeblink, maar albei soliste was skitterend.

Ten spye daarvan dat die verhoog eintlik oorvol was omdat die reuse-koor en volledige simfonie-orkes (en 'n vleuel-klavier) moes meeding vir plek, het die dirigent, Corvin Matei, die musici goed beheer.

Hy het gesorg dat almal saamwerk om 'n vurige vertoning

te lever wat die auditorium, wat sonder werkende lugversorging was, teen die einde te laat kóók.

Carmina Burana is 'n stralende stuk musiek wat soms oorweldigend kan wees, maar Matei het die koor en die orkes so gelei dat nik van die passie verlore gegaan het nie – al was die presiese nie na wense nie.

Die gehoor het die orkes en koor beloon met 'n staande toejuicing. Daar sal ongetwyfeld vele versoekers wees dat *Carmina Burana* in die toekoms weer opgevoer moet word.

Hopelik kry Stellenbosch iewers vorentoe 'n teater wat groot genoeg is om 'n volledige simfonie-orkes en koor te akkommodeer.

– 5 Maart, 20:00



KONSENTRASIE: Die tenor André Howard lewer 'n kragtoer in *Carmina Burana*.

PHOTO: Gerrit Schaafsma

Something for everyone at P.J. Olivier Art Centre

Spoilt for artistic choice

ART EXHIBITION
P.J. OLIVIER ART CENTRE


Robert Kaden

Art-lovers rarely have the opportunity to see eight different exhibitions under one roof. During this year's SU Woordfees, the P.J. Olivier Art Centre housed a number of new and interesting works by local artists. This allowed viewers to go on a diverse visual journey as they moved from one artist, medium or theme to another.

Entering the foyer of the 18th century building in Blom Street, one was immediately thrown into a dazzling world of colour and texture by Michele Nigrini's *Husse Met Lang Ore*. Nigrini is known for her extremely bright, almost psychedelic, paintings and this exhibition is no exception. With these artworks she focused her attention on cute and whimsical subjects – teddy bears, baby dolls, little animals – but her angle was distinctly macabre.

She transforms her subjects from adorable everyday objects into out-of-this-world oddities. The combination of these elements with rich colours may seem somewhat contradictory but the effect is haunting.

This was followed by Andries Gouws' *Pedestrian Paintings*. His work is an exquisite example of photo realism and he may well be one of the finest South African artists working within the genre. The unseen and minutiae



of everyday life are the subjects of Gouws' artworks and he captures these details with painstaking attention. His studies of people's feet are particularly striking, fleshing out these familiar body parts in such a way that they suddenly seem awkward and alien. These intimate portraits stay with the viewer long after the exhibition.

The most memorable exhibitions at the P.J. Olivier Art Centre are *4+7=11* and *550*. *4+7=11* consisted of four artists working in the ceramic medium and seven working with lithographs. Of these works, the ceramic arts

stand out as the strongest. The work of Alessandro Pappada and Mervyn Gers were particularly memorable.

Pappada's "Cog Tower" and his mechanical heads bear testimony to his craftsmanship while the strange textures of Gers' vases entice the viewer to explore the artworks' contours. Margaret Woermann's satirical re-interpretation of kitsch mantelpiece ornaments was also intriguing.

550 was a collection of tiny works from a wide range of artist and each of these artworks costed R550. The artists worth mentioning here are Dianne Hes-

son-Green who made a series of small statues reminiscent of Jane Alexander's most famous pieces; Madelein Marincowitz, whose tiny paintings suggested black-and-white family photographs; and Corlie de Kock who interestingly illustrates the faces of famous authors onto expensive cigarettes. The small nature of these works by no means diminished their intriguing impact.

Fairy, a collection of homoerotic artworks, was one of the more daring additions to the exhibition. The paintings of Paul Birchall – particularly his "Arno" and "Armal Jorge" – were the

true standouts here and they immediately captured the viewer's attention. These studies of nude and semi-nude men were characterised by striking colours and brush strokes that lend a beautifully unpretentious quality to his work. William Martins' embroidered pillows probably stood out as the entire exhibition's most provocative work. With his "Sex might sell but semen doesn't", semen stains on a pillow are outlined with jagged embroidery. This artwork, quite wittily, costs R1200.

The other exhibitions on show at the P.J. Olivier Art Centre were *Land*, a collection of new landscape artworks; *11 Strokes*, which posed the challenge of drawing a self portrait in only eleven strokes of a brush or a pen; and *Kyk hoe lyk ons nou!* which showcased paintings and collages made by amateur artists from the Breytenbach Centre in Wellington.

A broader variety of art forms would have been satisfying to see. Rather than include challenging mediums like installation and performance art, it seems the organisers decided to focus on more conventional media, such as painting and ceramics.

There was also very little conceptual cohesion between the different exhibitions. The viewer moved from one room to another without any indication of how the artists or works relate to one another or why they were chosen to be displayed under the same roof.

– Until 26 March.

Woordfees celebrates one of South Africa's greats

ART EXHIBITION
SASOL ART MUSEUM

Haji Mohamed Dawjee

A GUIDED tour by the curator of Walter Meyer's exhibition in the Sasol Art Museum, Amanda Botha, was the best possible way to appreciate the works of the master of South African landscape painting. Meyer was the featured artist at the SU Woordfees. She described him as a "spiritual personality" and argued that his paintings are rooted in this spirituality.

"If you walk into Walter's studio, you will notice Johnny Cash CD's and a variety of music. While he paints, his Bible is close by. So every painting is a spiritual painting."

Meyer's paintings of haunting Free State and Eastern Cape

landscapes carry a sense of nostalgia and defeat. These atmospheric pictures have a timeless quality but also leave the viewer with an understanding that it is a moment caught in time.

Each painting carries an essence of a place which once might have had a different meaning. Desolation and decay are common themes in Meyer's work. He forces you to look at South Africa's natural beauty with fresh eyes and few other artists have ever succeeded in capturing our country's harsh light in the way Meyer does.

He also paints everyday subjects and street scenes that carry beauty and meaning. Botha explained.

"His technique adds an aesthetic value to the most mundane of moments in a regular day. But


he doesn't purposefully make an effort to make anything look pretty," Botha said.

Meyer's painting technique is textured and sometimes even heavy-handed. Botha clarifies that Meyer never uses the brush strokes that are common in the works of other landscape artists.

He paints by pushing the brush into the canvas with different degrees of force to help evoke the overall emotion of the painting.

Botha mentioned that Meyer once said he had grown tired of the theory and meaning people attached to his work. "Walter says he paints for children and old people because they are able to observe without pretension. If he is able to do this, he feels as though he has served his purpose."

– Until 24 April.



TOWERPRENTJIES: André P. Brink het onlangs Lewis Carroll se gewilde *Alice in Wonderland* in Afrikaans vertaal. Brink het vir die kunstenaar Marjorie van Heerden genader om die illustrasies vir sy uitgawe van *Alice se Avonture in Wonderland* te doen. Van Heerden se tien illustrasies vir die boek was tot 12 Maart by die US Kunsgallery te sien. Van Heerden het gesê sy het die boek 30 keer gelees voor sy die karakters begin illustreer het. Volgens Brink, het haar illustrasies dié van die oorspronklike boek oortref.

FOTO: Stephanie Pekeur